VAN DIE SUSTERS

SOMERFEES

Die Susters se verkoping van Saterdag 2 NOVEMBER 2024

Baie dankie vir al ons lidmate se ondersteuning

JAAR-EIND-KUIER

Ten slotte word die gemeente uitgenooi na ons jaar-eind-kuier. Dit vind plaas op **Saterdag 30 November 2024 om 10:30** in ons saal en word deur die bestuur van die Susters aangebied. Op die program is gesellige saamkuier, 'n ligte musiekprogram en tee/koffie en verversings. Hartlike Sustersgroete

Sustersaamtrek 8 Maart 2025

Tema 2025:
Julle is 'n brief van Christus

2 Korintiërs 3:3: "Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie, maar op die harte van mense".



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 35 Sondag 3 November 2024

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 7 **Tom Chambers** en Wyk 8 **Danie Erasmus**
Diakens: Wyk 7 **Banie Nortjé** en Wyk 8 **Zurich Terblanche**
Skinkbeurt: Wyksusters 7 & 8. Marli Nortjé, Mari Badenhorst

EREDIENSTE Oggend prof Calie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Vooraf sang: Psalm 150:1, 2, 3. **Skriflesing:** Johannes 15.
Sang tydens die diens: Psalm 25:1, 4, 6; Psalm 51:2, 3; Psalm 80:5, 6, 8; Skrifberyming 21: 1, 5, 6 (9-4).
Sang na die afkondigings: Psalm 121:1, 4. .

AAND: Woordbediening: Deuteronomium 7.
Fokusverse: Deuteronomium 7:7-8.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1 paragraaf 8.
TEMA: *Daar is geen grade van verkiesing nie, maar één liefde en één eed wat oor alle grense strek.*
Sing: Psalm 105:2, 3; Psalm 105:1, 4, 5; Skrifberyming 4-7 [3]:1, 2; Skrifberyming 18-7 [45]:1, 3, 10, 12.

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die ***Teologiese Hulpfonds***
(Spesiale kollekte volgende week: ***Uitdra van Evangelie*****)**

EREDIENS HUIS EIKELAAN om 15:30 onder leiding van ds HS Coetzee. Ouderlinge aan diens: wyk 7 Tom Chambers en wyk 8 Danie Erasmus.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Hendrien Venter is Woensdag in Pretoria geopereer. Ons loof ons hemelse Vader dat dit goed afgeloop het en bid haar ‘n spoedige en volkome herstel toe.

Jeanette Fourie is oorgeplaas na Multicare om verder aan te sterk en ons verseker haar en br Corrie steeds van ons voorbidding.

Wynand Putter en **Pieter Glöy** 083 229 2610 sterk albei aan na hulle onlangse operasies en ons dank ons hemelse Vader vir die vordering.

Susan Coetzee het Woensdag ‘n knie-operasie ondergaan. Ons is dankbaar dat dit goed afgeloop het. Sy en prof Callie wil ook hulle diepe dankbaarheid uitspreek vir al die voorbidding vanuit die gemeente. Dit het ons soveel versterk. Ons verseker prof. Callie ook van ons voorbidding vir sy roetineafspraak wat hy Donderdag by die kardioloog moet nakom en ook vir die MRI skandering wat hy dan sal ondergaan.

Japie van Jaarsveld ondergaan Vrydag 'n prosedure in Klerksdorp Hospitaal. Ons verseker hom en Christa van ons voorbidding vir hulle. Mag ons hemelse Vader die prosedure seën tot eer van sy Naam en vir u tot lewenskwaliteit.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

’n Kleinkind van **Machteld van Aswegen** het verlede naweek (dieselfde naweek as dié van Nico en Sarie se kleinkind) in die huwelik getree. Ons deel graag in u vreugde, blydskap en dankbaarheid met so ’n mooi geleentheid!

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	3/11	15:30	Erediens Huis Eikelaan Ds H S Coetzee	Kapel
Di	5/11	15:00	Bybelstudie – Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
Wo	6/11	18:00	Bybelstudie – Markus (Studie 4)	Konsistorie
So	10/11	19:30	Voorbereidingsdiens	
			Geopende Deure aanbieding (15 minute)	Kerkgebou
So	**17/11**	**09:30**	**NAGMAAL en Gemeente-ete**	Kerkterrein
Di	19/11	18:00	Klassisvergadering (eksaminering)	GK Potch-Oos
Vr	22/11	17:30	Gemeente-aand en Hamburgerbraai	Kerkterrein
So	24/11	10:30	Kersprogram	Kerkgebou
Sa	30/11	10:30	*JAAR-EIND-KUIER*	Kerksaal

KATKISASIE	Sondag 3 November	Sondag 10 November
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 27 Skrifberym.1- 4:3 Sondag 52b Eksodus 20: 16	Les 28 Skrifberym. 10 - 2 Hersiening Eksodus 20: 17
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1& 2: Wyk 7 Graad 3 & 4: Wyk 8	Graad 5 & 6: Wyk 9 Graad 7: Wyk 10
Hoërskoolkatkisasie	Les 21	Les 22

Ons katkisasiewerksaamhede sluit DV volgende Sondag af. Ons bid ons dooplidmate die seën van die Here toe op hulle voorbereidings vir assesserings en eksamens. Mag ons hemelse Vader die mooi gawes wat Hy aan julle gegee het, bekroon met goeie uitslae tot eer van sy Naam!

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 5 November om 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal welkom.

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament"*, word behandel. Op **5 November sal Studie 5** van die Markusevangelie behandel word.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)! Gister Saterdag 2 November was dit **Karel en Suzie Marais wat 56 jaar** getroud is 072 177 1672 en Maandag 4 November is dit **Schalk en Mart-Mari Engelbrecht** wat **7 jaar** getroud is 074 554 8806. *Baie hartlik geluk aan die twee egpare.*

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	4/11	**Miekie Coetzee.** Wyk 2
		Annatjie Kruger (93). Wyk 13
Di	5/11	**Carmi Huisman.** Wyk 5
		Frieda van der Walt. Wyk 3
Do	7/11	**Marlet Baptista.** Wyk 5
Vr	8/11	**Pollie Janssen van Rensburg (83).** Wyk 10
		Tillie Stander. Wyk 6

Bede met meelewing Psalm 121: 1en 4

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terugbring.

KARWAGTE: Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte. Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.

ALMANAK 2025

Lidmate wat die Almanak 2025 bestel het kan dit by die kerkkantoor afhaal, betaling geskied by ontvangs.

BEROEP AANVAAR

Ds HD (Hendrik) Verryn van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid het die beroep na Gereformeerde Kerk Groblersdal aanvaar.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: (Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).